

Ydelheid

Wat is ydelheid en wat kan ons leer daaruit?

Sinoniem met die woord “ydelheid” is ‘verwaandheid’, pofferigheid en arrogansie. Met die afleidings van die woord verwys dit na mense wat eie vaardigheid, eienskap en kennis laat ‘pof’ sodat ‘n selfkonsep hulle doelwit is. Hulle sal altyd beter wil wees as ander rondom hulle. Hulle sal beter wil wees in alle opsigte; Beter en mooier wil aantrek as ander; Beter en mooier praat as ander; Beterwetend en slimmer as ander; Beter en slimmer vriendekringe; Praat nie sommer met arm en ongeskoolde mense nie; Spog en eie trotsheid. Ek noem hulle eenvoudig verwaand en arrogant.

In kort wat die HAT woordeboek sê:

Ydel = vleierey; self ingenome; heersend; pronker; pronkery

Ydelheid = pronksug; skoonheid; roem; eer

Ydellik = ligsinnig; sonder eerbied

Ydeltuit = ingenomenheid; behaagsieke

Verydel = Laat mislik; tot niet maak; teleurstel; frustreer

Kom ek breek die woord op Ver-y-del op en kyk wat ons daaruit kan leer:

Ver = afstand; tussenruimte; geskei; afgeleë; verwyder;

Y = 25st alfabet letter en beteken 125 in Latyns

Del = deel; verdeel; breuk; opbreek; verander

Wat sê al die woorde van bo vir ons? Is die nie dat hulle sonder die VADER kan klaar kom nie! Sonder SY liefde en beskerming!

Kom ons kyk wat sê die Skrif:

Ex. 20:7 *Jy mag die Naam van ~~die-HERE~~ YAHUAH jou ~~God~~ SKEPPER nie ydellik gebruik nie, want ~~die-HERE~~ YAHUAH sal die een wat Sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie. Deut. 5:11*

Dus die wat die Naam van ons Opper Hoof en Heerser ydellik gebruik, wat SY Naam ligsinnig en sonder eerbied uitspreek. Ja die wat Sy Naam misbruik en verdeeldheid onder Sy kinders bring. Die wat die baal name spreek in die plek van “YAHUAH” wat afstand en skeiding doen.

Job 27:12 *Kyk, julle het dit almal self aanskou, en waarom koester julle dan ‘n ydele hoop? Waarom koester julle dan na: vleierey en self ingenomenheid. Waarom dié pronkery asof julle nie die VADER nodig het nie!*

Jes. 14:27 *..... ~~die-HERE~~ YAHUAH van die leërskaer het dit besluit—wie sal dit kan verydel? En Sy hand is uitgestrek—wie sal dit kan afkeer?*

Wie sal YAHUAH se besluit kan laat mislik? Wie sal dit tot niet kan maak?

Wie kan tog Sy woord verdeel of verander? Waarom wil die mens YAH altyd teleurstel en frustreer? Is dit net omdat hy arrogant is?

Jes. 58:13 As jy jou voet terughou van die Shabbat—om nie jou sake op My ~~heilige~~ heilige reine dag te doen nie, en as jy die Shabbat ‘n verlustiging noem en die ~~heilige~~ heilige reine dag van die ~~HERE~~ YAHUAH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; Waarom die verwaandheid om pofferigheid te wil wees? Waarom die arrogant woorde wat net verdeel? Waarom die ligsinnigheid? Het jy dan geen eer teenoor jou naaste nie?

Jer. 23:16 So sê ~~die HERE~~ YAHUAH van die leërskaare: Luister nie na die woorde van die profete wat vir julle profeteer nie; hulle vervul julle met ydele verwagtinge; gesigte uit hul eie hart verkondig hulle, nie uit die mond van die HERE YAHUAH nie. Luister nie na ‘n prediker wat pronk nie. Luister nie na ‘n prediker wat heersend en self ingenome is nie. Hulle wat hul stemmetjie dik maak om roem en eer te bewerk. Verleiers met ‘n behaagsiekste in hulle. Ja roem en eer soek die verleiers.

Matt. 6:7 En as julle bid, gebruik nie ‘n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. As julle bid, bid tot die VADER in die hoogste hemele. Moet nooit bid vir die om jou nie, of wil jy hulle beïndruk met jou skoonheid, roem en eer? Hulle is inderwaarheid nie die hoorder nie, maar die VADER. Waarom sal jy in gebed wil pronk voor VADER?

Matt. 12:36 Maar Ek sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag. Hoor die woorde: Rekenskap sal daar gegee moet word in die oordeelsdag. YAHUSHA sê tog duidelik dat ons nederig en stil moet wees, want aan sulkes skenk Hy guns. Lug jou medebroer op en laat hom toe om uit sy foute te kom. Spoor hom aan om ‘n aangename kind van YAH te wil wees.

1Pet. 1:18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, Wie kan tog vandag pronk met roem en eer op aarde behalwe hulle wat die wêreld verly in hulle heerskappy. Al sit hulle met sovele goud en silwer kan pofferigheid hulle niks meer in die sak bring nie. Wat baat dit as natuurtonele alles verwoes en daar bly niks meer oor nie? Wat baat dit alles as oorlog los gebreek het, en alles platvee rondom jou? Wat baat dit as jou geliefdes voor jou vermoor lê? Wat baat dit as siekte jou plattrek in die bed en jy die dood in die oë staar? Is dit nie nou die tyd dat verydeling, verwaandheid en arrogansie stop gesit moet word nie?

Kom Boervolk van YAH en stop julle ydelheid, en roep mekaar saam, sodat ons vermoeidheid en belasting voor VADER gelê kan word.

Bedink dit